CHRISTELIK CHRISTIAN · INCLUSIVE INKLUSIEF · TOEGANKLIK APPROACHABLE · BALANCE BALANS

LAERSKOOL MIDSTREAM RIDGE PRIMARY
EXCELLENTIA

# Uit die Hoof se Kantoor

Geagte Ouers, Personeel en Leerders

Terwyl ons reeds goed in hierdie besige kwartaal ingegrawe is, wil ek graag 'n opregte woord van dank aan elke ouer, personeellid en leerder vir u volgehoue ondersteuning, samewerking en betrokkenheid by ons skool uitspreek. Dit is juis deur 'n sterk vennootskap tussen huis en skool dat ons daarin slaag om 'n veilige, gelukkige en stimulerende omgewing te skep waar elke kind kan leer, groei en floreer.

Hierdie kwartaal is propvol opwindende sport, kultuur en akademiese aktiwiteite wat vir ons leerders waardevolle geleenthede bied om hul talente te ontwikkel, karakter te bou en onvergeetlike herinneringe te skep. Ons is ongelooflik trots op elke leerder wat met entoesiasme deelneem, asook op elke ouer wat tyd, ondersteuning en aanmoediging bied. Mag elke aktiwiteit met vreugde, groei, goeie sportmangees en sukses, gevul wees. Ons sien uit na nog baie besondere geleenthede saam.

Met Vrouedag wil ons graag elke dame in ons skoolgemeenskap eer en bedank - moeders, oumas, onderwyseresse, administratiewe personeel, ondersteuningspersoneel en elke vrou wat daagliks 'n verskil maak. 'n Vrou se invloed word dikwels in die klein dade van liefde, geduld, wysheid en opoffering - wat elke dag die lewens van baie raak - opgemerk. Julle is die hart van ons gesinne, die steunpilare van ons gemeenskap en 'n bron van hoop en inspirasie vir ons kinders. Ons bid dat die Here julle met wysheid vir elke besluit sal seën, moed vir elke uitdaging en vreugde in die belangrike rol wat julle elke dag vervul.

*Spreuke 31:25*
*"Sy is met krag en waardigheid beklee, sy glimlag die toekoms tegemoet."*

Aan elke dame in ons gemeenskap, baie dankie vir die verskil wat julle maak. Ons waardeer julle opreg en wens julle 'n geseënde en vreugdevolle Vrouedag toe.

Met vriendelike groete

**STEVEN SWANEPOEL**
**SNR ADJUNKHOOF**

"Vroue maak nie net 'n verskil nie – hulle ís die verskil."



# INLIGTING

## MEDIESE REKORDS

Maak asb. seker dat u kind(ers) se mediese rekords op die EDANA-toep opgedateer is.
Volg asb. die onderstaande skakel vir die nodige veranderinge:



**MEDIESE REKORDS**

**Midstream Tydskrif Junie 2026**

## MIDSTREAM SKOLE • SCHOOLS

MIDSTREAM SCHOOLS

Private Parallel Medium Schools
Privaat Parallelmedium Skole

CLOSING DATE OF APPLICATIONS:
**14 AUG 2026**

- Excellent modern facilities within beautiful, serene surroundings.
- Stimulating and safe working environment.
- ‘n Kompeterende salaris met byvoordele ingesluit.
- Tweetaligheid is ‘n vereiste.

## POSTE • 2027 • POSTS

Toelatingsekretaresse
Admissions Secretary

Skoolberader
School Counsellor

NAVRAE / ENQUIRIES: DR CAREL KRIEK
Tel: 012 661 2341 www.midstreamcollege.co.za
Please complete the application form available at POSTS

MIDSTREAM COLLEGE BEHOU DIE REG VOOR OM POSTE NIE TE VUL NIE.

PARENT CAFÉ MIDSTREAM

## Dagboek DIE DATUM • Save THE DATE

17 SEPTEMBER | 18:00 | @ DOXA DEO MIDSTREAM | R100 p.p. R150 per paartjie / per couple

From *homework battles* to learning success

Van *huiswerk-oorlog* na leersukses

Skakel met kundiges en kry antwoorde op jou vrae
Connect with experts and get answers to your questions


HET JY SO PAS
R1250
PER PERSOON
VIR 'N DAG BY X
SPANDEER?
UITGAWE
Daguitstappie by X
Toegang R350
Ritte R400
Kos & Drank R300
Parkering R200
TOTAAL R1250
PER PERSOON
AI!
HET JY GEWEET?
By SpringFest
kos dit net 1/3
van die prys
SpringFest
EEN KAARTJIE
ONBEPERKTE
PRET!
DIS ALLES INGESLUIT!
10 FANTASTIESE KARNAVALRITTE
WATER-AKTIWITEITE
HINDERNISBANE
PONIE-RITTE & TREINRITTE
KOODOO SPELETJIESONE
KOODOO
SAGTESPEELAREA & KINDERVERMAAK
GESIGVERF & BORRELPRET
HEERLIKE KOS & KOELDRANK
70+ STALLETJIES
SPRINGBOKKE VS. ALL BLACKS
VS.
SPRINGBOKKE
ALL BLACKS
DIS 'N DAG VIR DIE HELE GESIN!
MA, PA... HOU ASSEBLIEF 5 SEPTEMBER OOP!
Spring Fest 2026
@ MIDSTREAM COLLEGE
SATERDAG
5 SEPTEMBER
MIDSTREAM COLLEGE
TYE:
11:00 – 22:00
10 FANTASTIESE KARNAVALRITTE
WATER-AKTIWITEITE
HINDERNISBANE
KOODOO SPELETJIESONE
PONIE- & TREINRITTE
SAGTESPEELAREA & KINDERVERMAAK
GESIGVERF & BORRELPRET
HEERLIKE KOS & KOELDRANK
70+ STALLETJIES
SPRINGBOKKE vs. ALL BLACKS
EEN KAARTJIE. ONBEPERKTE PRET. EEN ONVERGEETLIKE DAG.
BESPREEK WWW.SPRINGFEST.CO.ZA

# BELANGRIKE SKOOLSKAKELS

| | | |
|---|---|---|
| **Kalender** | | Die algemene skoolkalender vir die jaar - dit word met elke nuusbrief opgedateer. |
| **Sportkalender Kwartaal 3** | | Die sportkalender is "lewendig" en word dus daagliks aangepas. Dit kan in die *DOCUMENTS FOLDER* in die Edana-toepassing gevind word. |
| **Nasorgsentrum** | @RAKKERCARE | Hoe om u kind by die nasorgsentrum in te skryf |
| **LMRP Aksie-fotos** | | Ouers is welkom, en word aangemoedig om aksie-foto's van enige skoolgeleenthede en byeenkomste aan ons d.m.v. dié skakel te stuur. |
| **Edana** | | Hoe om die toepassing af te laai en te installeer |
| | | Hoe om jou fooninstellings aan te pas om kennisgewings op jou foon te ontvang |
| ***Google Classroom*** | | Hoe om *Google Classroom* op u slimfoon af te laai en te installeer |
| | | Hoe om *Google Classroom* op u rekenaar af te laai |
| **Sosiale Media Toestemming** | | Voltooi asb. dié vorm rakende sosiale media. |
| ***Facebook*** | | Volg ons op *Facebook*. |
| ***Instagram*** | | Volg ons op *Instagram*. |
| **Opdateer van Mediese Rekords** | | Dit is baie belangrik dat ons van alle leerders opgedateerde mediese rekords hou. Pas asb. dié inligting soos nodig aan. |